

Christiana Delwersfees NPB

PO Box 54,
Christiana, 2680
Cell: 082 412 1535
Fax: 086 776 2779

Email: admin@delwersfees.co.za
Website: www.delwersfees.co.za
Reg. Nr.: 2015 / 094 012 / 08



17 Maart 2020

Geagte Delwersfeesvriende

Dit is met groot skok dat ons op 15 Maart gehoor het dat ons ons fees **moet kansleer** as gevolg van die noodtoestand wat ons President in die land afgekondig het. Ons het heeltemal begrip daarvoor en weet dat daar in die beste belang van ons land en sy burgers opgetree word.

Graag wil ons komitee vir elke uitstaller, kunstenaar en ons klankingeneurs bedank vir u begrip vir ons situasie. Baie dankie aan elke kunstenaar wat bereid is om net met die deposito tevrede te wees. Dankie ook aan Martin van Elite tente in Bloemfontein wat groot opgeoffer het en groot verlies gaan lei.

Aan al ons borge baie dankie vir u bydrae. **Vanjaar gaan ons werklik op u bydrae staatmaak.** Ek doen op u 'n beroep om nog steeds u bydrae te maak al gaan die fees nie voort nie. Ons het alreeds baie uitgawes voor die fees aangegaan en ons het nog steeds ons verpligtinge teenoor die skool wat ons moet nakom.

Ons het die volgende besluite geneem:

1. Uitstallers.

Omdat ons al 'n langpad met baie van ons uitstallers stap weet ons dat die feeste se verkope vir baie van hulle 'n enigste inkomste is. Ons het daarom besluit om deur die loop van die volgende paar weke hulle gelde wat hulle betaal het vir hulle stalletjie, terug te betaal. (Ons kan dit nie regtig bekostig nie, maar weet dit is die regte ding om te doen) Ons wens hulle sterkte toe in hierdie moeilike tye.

2. Borge.

Ons gaan nog steeds vir al ons borge op al die platvorms blootstelling gee soos wat ons belowe het.

Ons beplan om op 27 Augustus nog steeds 'n "**dankie sê**" geleentheid te hou op 'n kleiner skaal in ons skoolsaal. (Ons kunstenaar is reeds betaal en het ingestem om ons op die ander datum te help) Ons sal later met ons borge skakel en meer inligting aan u gee.

Ons dankdiens met kunstenaars "VirAnder" word uitgestel na Sondag, 26 Julie 2020 in die NG Moedergemeente (Klipkerk).

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om aan my komitee baie dankie te sê vir elkeen se harde werk vir hierdie fees. Ons is almal platgeslaan deur die gebeure, maar weet ook dat dit in die beste belang van almal gedoen is. **Julle is 'n wenspan. !!!!**

Feesgroete,

Mr. Chris Vermeulen

Voorsitter

Christiana Delwersfees